

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederdutch Hervormde Kerk van Afrika



November 2010

Lees binne...

- Die uitdagings vir die Kerk lê voor ons – 1
- Kerk vir die toekoms – 2
- Teologiese opleiding – 3
- Fotobeeld van die 69ste AKV – 4, 5
- Geweld en misdaad – 7

Kerk vir die toekoms

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Die uitdagings vir die Kerk lê voor ons (Dr Daan van Wyk jr)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
Kerk vir die toekoms
- Bl 3 **69ste AKV**
Teologiese opleiding (Prof Johan Buitendag)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
Fotobeeld van die 69ste AKV
- Bl 6 **69ste AKV**
Waar daar liefde is... daar is God die Heer (Dr Johann Beukes)
Predikant van die MRCC presteer
- Ble 7 **Gespreksforum**
Die Kerk en homoseksualiteit (Dr Koos Engelbrecht)
Hoe ingelig is ons lidmate? (Danie le Roux)
Geweld en misdaad (Dr Frans Boshoff)
Finalejaars het preekvergunning
- Agterblad **Oordenking**
Op pad na Betlehem (Ds Stephen de Beer)

Die uitdagings vir die Kerk lê voor ons

Dr Daan van Wyk (jr), voorsitter van die Algemene Kerkvergadering (AKV), skryf dat dit nodig is om die AKV se besluit oor apartheid opnuut te bekry, te besin oor wat dit wil sê en wat dit nie wil sê nie.

Die besluit is nie 'n skuldbelydenis nie. Die Hervormde Kerk het in 2001 reeds besluit dat die prosesse waarmee skuldbelydenis oor apartheid en die inhoude daarvan in die wêreld en in kerke gedryf word, vir ons onaanvaarbaar is. *Die besluit verklaar nie die beleid van apartheid tot sonde en die regverdiging daarvan tot dwaalleer nie.* In gesprek, ook met die WCRC, is reeds ooreengekom dat waar in die verlede die woorde *kettery*, *dwaalleer* en *sonde* ten opsigte van apartheid gebruik is, dit nie die bedoeling het om ons ouers wat die beleid ontwerp en gedryf het asook dié wat dit tans steeds voorstaan, te verketter of om 'n streep van verskoning deur die geskiedenis van die Afrikanervolk te trek nie.

Die besluit beklemtoon 'n vorige besluit, naamlik dat dit nie op die weg van die Kerk lê om 'n bepaalde politieke beleid (in hierdie geval apartheid) goed te praat en teologies te regverdig nie. In 2001 het die Kerk daarop gewys dat so 'n teologiese legitimering van een beleid ten koste van ander neerkom op die legitimering van een en die demonisering van die ander. Die Kerk beklemtoon met die besluit dat daar onder apartheid baie dinge verkeerd was, dinge soos rassisme wat in stryd is met die evangelie, dat onreg gesanksioneer is en die beeld van God in mense aangetas is. Ook teenoor dié sake wat verkeerd geloop het onder die apartheidbeleid het die Kerk haarself herhaaldelik in Herderlike Skrywes uitgespreek. Of die verklaring dus werklik iets nuuts sê, moet bevraagteken word.

Die Hervormde Kerk behoort nou die boeke oor apartheid toe te maak. As die Kerk in 2001 al kon sê dat skuldbelydenis toe, byna 10 jaar die nuwe bedeling in, mosterd na die maal was, hoeveel te meer is die huidige besinning en spanning, nou al 20 jaar die nuwe bedeling in, dan nie? Enorme uitdagings vir kerkwees in die huidige tydsgewrig lê voor ons, nie agter ons nie. Ons verstaan van ons roeping, ons energie, geld en tyd behoort daar in te gaan.

Geluk aan die redakteurs

Die redaksie van *Die Hervormer* wil graag van die geleentheid gebruikmaak om dr Daan van Wyk (jr), ons redakteur van September 2002 tot Desember 2007, hartlik geluk te wens met sy verkiesing as voorsitter van die Kommissie van die AKV. Baie geluk ook aan die huidige redakteur, dr Gerhard Lindeque, met sy benoeming as voorsitter van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding en as sekondus-skriba van die Kommissie van die AKV.

Waar daar liefde is... daar is God die Heer

Dr Johann Beukes, predikant van Gemeente Weltevreden, se rede tydens die AKV se dagopening op 30 September wys ons opnuut op die krag maar ook die vernietigende potensiaal van liefde.

Ons lees in 1 Konings 3: 16-28 die merkwaardige verhaal van koning Salomo se uitsluitel, waarskynlik op appèl, oor die regsprobleem wat geskep is deur die teenoorstaande aansprake van twee vrouens wat dieselfde baba as hul eie opeis, terwyl daar 'n dooie babatjie eenkant lê. Die paleiswag bring hierdie twee vroue uit die skemerwêreld voor Salomo – beide stel dat sy die moeder is van die lewende baba. Daar is geen manier om die waarheid vas te stel en geregtigheid te laat geskied nie. Waarheid, skoonheid en geregtigheid het hier geen plek nie.

Menslike liefde het altyd twee kante: Dit is die mooiste ding wat ons het, maar dit is ook die verskriklikste ding wat ons het. Daardie twee vroue voor Salomo verteenwoordig hierdie spanning. Die een vrou wys hoe kragtigmooi en selfopofferend liefde kan wees. Die ander vrou wys hoe vernietigend liefde kan wees. Solank as wat liefde alles glo, verdra, bedek en hoop, dan is daar momentum vorentoe. Dan is daar 'n toekoms. Maar mense verdraai en misbruik liefde ook soms vir eie gewin, buit ander uit, doen ander skade in die naam van liefde. Om misbruik te voel vanweë die uitbuitende optrede van iemand wat jy gedink het vir jou lief is, is verskriklik: As ek moet terugdink aan die hoeveelheid jong vroue wat in my lewe oorkant my in 'n pastorale gesprek gesit het met die seer van om misbruik te wees deur 'n man, dan is daar te veel om op te noem. En andersom: 'n Man wat vir my en kollegas sê sy was nooit lief vir my nie, sy was lief vir my geld. Mense maak mekaar seer en doen mekaar skade in die naam van liefde.

Maar dan is daar God se liefde – radikaal anders, net kragtig, nooit vernietigend nie, ekstreem self-prysgewend: JESUS CHRISTUS staan teen die horison van die wêreldgeskiedenis afgeëts as die groot Daad van wat liefde werklik is. Dit is die gronde van die diepe horisonverskuiwing van God na die mens toe. Maar dan is dit liefde soos wat God liefhet – nie soos wat mense soms en selfs dikwels daarmee en daarvan maak nie.

Ons Kerk kan soms ontsettend liefdeloos wees. Dit is die ongelukkige waarheid aan ons kerkwees, dat die dialektiek van menslike liefde ook in ons Kerk alte sigbaar is. Die twee vroue voor Salomo leer ons hoe aangrypend self-prysgewend liefde kan wees, maar ook hoe vernietigend. Mag God ons lei om lief te kry soos wat Hy ons liefhet en eerste liefgehad het. Mag die mense wat so graag teenoor mekaar te staan kom, ook in ons Kerk, juis met die lewende dog brose Kind van die evangelie in hul arms, ook iets daarvan besef.

Predikant van die MRCC presteer

'n Voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (HKSA), tans bekend as die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC), ds Johannes Banda, het pas sy doktorsgraad in Sendingwetenskap aan UNISA verwerf.

Die titel van dr Banda se proefskrif lui: *African Renaissance and Missiology: A perspective from mission praxis*. Sy promotor was prof Willem Saayman. Dr Banda doseer Sendingwetenskap aan UNISA en by die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM). Hy is die tweede oudstudent van die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO) wat 'n doktorsgraad behaal. Die eerste was dr Jacob Manala wat intussen bevorder is tot professor in Praktiese Teologie aan UNISA. Vir baie jare was hierdie twee manne verantwoordelik vir die groei en ontwikkeling van ons *sendingkerk*.

Dr Banda kom sy onderrigverpligtinge by AIM met genadelose getrouheid na. Sy kennis en lewenswysheid het vir meer as 'n dekade meegehelp om AIM uit te bou tot 'n gerespekteerde akademiese instelling. *Die Hervormer* wens hom, sy vrou en kinders van harte geluk. Die Hervormde Kerk is dankbaar vir hierdie prestasie.